# SABoerperd

## JAARVERSLAG 2018

**REKLAME & BEMARKING, KOMMUNIKASIE & JEUG AKSIE**
**Petro Grové**

Dit was vir my 'n voorreg om die afgelope 3 jaar as Raadslid diens aan die SABoerperd Telersgenootskap se lede te kon lewer. Dit is daarom vir my aangenaam om weereens te kan verslag doen oor die afgelope jaar se aktiwiteite binne my portefeulje.

KONSULTANT - MENINGSPEILING
Gedurende die begin van 2018, is 'n eksterne konsultant genader om alle bemarkingsprosesse (intern & ekstern), te evalueer en terugvoer in die verband te gee. Om die proses aan die gang te kon sit, is vraelyste vanaf die onafhanklike party uitgestuur om 'n meningspeiling onder lede te doen. Na gereelde skakeling met haar, is dit egter onrusbarend dat daar baie min respons in die verband was ten spyte van verskeie geleenthede om wel die vraelyste in te vul. Die terugvoer wat wel van die konsultant verkry is, was die katalisator vir baie nuwe denkprosesse en projekte wat deur die Raad aangepak is.

EMBLEEM
N.a.v. terugvoer van lede, sowel as op aanbeveling van 'n onafhanklike party na evaluering van ons beeld, is die embleem vernuwe. Dit is reeds op alle nuwe dokumentasie, sowel as op die webblad geïmplementeer. Baie dankie aan Renata Lourens vir haar bydrae.

WEBBLAD
Die webblad is voortdurend gemonitor om ook alle inligting in Afrikaans en Engels beskikbaar te kan stel. Gedurende die jaar is dit reeds twee keer opgradeer.
Stoet-advertensies (nuwe diens aan lede)

- Alle stoete met hulle ligging en kontakbesonderhede is op 'n kaart beskikbaar as gratis diens aan lede.
- Saam met die kaart, is daar geleentheid aan alle stoete om 'n gelyke en gratis geleentheid om hulle stoet op die webblad te adverteer. 'n Standaard '"template" is in die verband na alle lede gestuur. Daar is tans 6 stoete wat van hierdie geleentheid gebruik maak.
- Daar is steeds geleentheid om individuele perde teen 'n betaling van R50 vir 3 maande te adverteer. In die verlede het die perde vanaf die webblad baie goed verkoop, maar daar blyk geen belangstelling van lede in die verband te wees nie.

Dokumentasie

- Skou-reëls en Regulasies is op datum gehou.
- Alle administratiewe aspekte t.o.v. vorms en riglyne is beskikbaar.
- Die Meesterklaslys was betyds gereed om aan alle skou-organiseerders leiding te kon gee oor die samestelling en strukturering van skou-klasse t.o.v. kampioenskappe.

Skou-uitslae

- Skou-uitslae en foto-uitslae is na kampioenskappe geplaas.
- Daar word nog met SA Stamboek onderhandel oor die formaat van die skou-uitslae om meer gebruikersvriendelik en korter te wees.

BEMARKINGSMATERIAAL
Bemarkingsmateriaal vir bemarkingsgeleenthede deur 'n stalletjie is ontwerp en aangekoop om dan ook die nuwe embleem ten toon te stel. Daar beplan om vanaf 18 – 20 September 2018 by die ALFA week (soortgelyk aan NAMPO), uit te stal. Die materiaal is ontwerp om die handelsmerk binnenshuis en buitenshuis te kan adverteer.

RELATIEWE WAARDES VAN PERDE (Nuwe diens aan lede)

N.a.v. pryse soos verkry van die meningspeiling, word daar tans gewerk aan 'n diens aan lede en kopers waar hulle die relatiewe markwaarde van perde kan bereken d.m.v. elektroniese program. Die volgende eienskappe sal onder meer in berekening gebring word: Keuring; Geslag; Skoling; Genetika; Teelwaardes; ens.

KLEREREEKS

Die klerereeks is steeds beskikbaar deur 'n direkte elektroniese bestelling te plaas. Daar was in die verlede probleme m.b.t. die borduurwerk, maar dit is uitgesorteer en die nuwe embleem sal in die toekoms daarop geborduur word.

KOMMUNIKASIE

Communicator

Die Communicator het tans meer as dubbel soveel lede as in 2017 en speel steeds 'n belangrike rol in die van dag tot dag kommunikasie. Die communicator kan, anders as die webblad, onmiddellik belangrike inligting aan alle lede gelyktydig beskikbaar stel. Die inligting het onder meer die volgende ingesluit:

- Ondersteuningsmateriaal – veral t.o.v. skoue en kampioenskappe;
- Skouprogramme, tye en ander reëlings;
- Die kostes van die Communicator vir 2019 is volledig gedek met opveil van maande gedurende die Stêrhings veiling (28 Junie 2018). Baie dankie aan alle Stoete wat die borg in ruil vir stoet-advertensies vir 'n spesifieke maande. Ontwerp van advertensies word gratis gedoen.
- Dienste en verkope;
- Navorsingsmateriaal;
- Datums en kontakbesonderhede.

Die Communicator lewer ook 'n ekstra diens vir advertensie teen betaling vir individuele advertensies soos bv. tandartse, hoefsmede, ens.

Facebook

Die volgende amptelike FACEBOOK bladsye / groepe is geadministreer en/of bestuur:

- SAB BOERPERD TELERSGENOOTSKAP / BREEDERS' SOCIETY
- SA BOERPERD JEUG AKSIE (bestuur deur die Jeugraad)
- SA BOERPERD AMBASSADEURS is 'n nuwe groep wat die doel het om alle ruiters, ondersteuners, afrigters en belangstellendes te nooi om ook betrokke te raak.

Baie dankie aan lede vir hulle positiewe deelname aan ander Facebook profiele.

ARTIKELS GEPUBLISEER

- Grove, P. 2018. *HORSE OF THE YEAR: SA BOERPERD.*
  SA Sporting Horse. February/March edition, Pp. 27 – 27. Cape Town: Silvermane.
- Grové, P. 2018. *THE SA BOERPERD – Supporting Systems, network & championships.*
  SA Sporting Horse. February/ March edition, Pp. 58 - 63. Cape Town: Silvermane Media
- Grové, P. *SA BOERPERD– a tribute.*
  SA Sporting Horse. June/July Edition, Pp. 41 – 47. Cape Town: Silvermane.

'n Vierde artikel is geskeduleer vir September/ Oktober uitgawe in die SA Sporting Horse

- Grové, P. *SA BOERPERD. Sept /Oct. Edition. Show results to be published.*

Skou uitslae is soos volg in samewerking met Tertius Genade in die Landbou Weekblad geplaas:

- LANDBOU WEEKBLAD. 2018. *Skou uitslae: Wes-Kaap Streekkampioenskappe, Riversdal.* Media24
- LANDBOU WEEKBLAD. 2018. *Skou Uitslae: Vrystraat Streekkampioenskappe, Bloemfontein*. Media 24
- LANDBOU WEEKBLAD. 2018. *Skou Uitslae: Internasionale Kampioenskappe, Parys.* Media 24

Grové. P. 2018. **THE SA BOERPERD**.

EQUI STRIDE MAG, May / June 2018. Port Elizabeth: EquiStrideMag@gmail.com

Reklame artikel vir KZN Streekkampioenskappe.

ADVERTENSIES DEUR GENOOTSKAP & LEDE GEPLAAS

Saam met die publikasie van artikels, word daar gereeld aan lede kans gegee om advertensies daarmee saam te plaas. Baie dankie aan klubs en stoete wat in die verband 'n bydrae tot die publikasies kon lewer. Na aanleiding van hierdie versoek op die Communicator, is die volgende advertensies geplaas:

- SA Boerperd Internasionale Kampioenskappe (Genootskap)
- SA Boerperd Wes-Kaap Kampioenskappe (Klub)
- SA Boerperd Vrystaat Kampioenskappe (Klub)
- SA Boerperd Mpumalanga Kampioenskappe (Hoëveld Klub)
- Ruggens SA Boerperd Stoet (MJ Odendaal)
- Rooigras SA Boerperd Stoet (Jan Joubert)
- Hoefstraal SA Boerperd Stoet (Piet Grové)

NAVORSINGSRESULTATE

Me. N. Breytenbach het reeds vanaf 2017 reeds data versamel vir haar navorsing t.o.v. die SA Boerperd. Dit is ontvang en sal verwerk en aan lede beskikbaar gestel word in die vorm van 'n meer gebruikersvriendelike artikel Die titel van haar verhandeling is: *Genetic diversity and performance trait analysis of the SA Boerperd.*

SA BOERPERD VERHALE - Juliette Whelpton

Dar word steeds met Juliette Whelpton (outeur van *Helde met Hoewe*), gekommunikeer rakende die publikasie van *SA Boerperd Verhale.* Sy het reeds een volledige verhaal beskikbaar. Baie dankie aan almal wat reeds met haar geskakel het.

SA BOERPERD JOERNAAL 2019 – Firefly Publications

Daar word tans met Me. Alberts onderhandel oor die saamstelling van 'n SA Boerperd Joernaal, 2019. Stoete sal die geleentheid kry om in volkleur te kan adverteer om sodoende die projek moontlik te maak.

JEUG AKSIE

Dit is altyd 'n positiewe ervaring om saam met ons Jeug te werk. Na die verkiesing van die Jeugraad, word hulle aangemoedig en bemagtig om jeug aktiwiteite vir die jaar te berwerkstellig. Baie dankie aan Mia Joubert en haar span vir hulle inisiatief. Baie dankie ook aan al die ouers vir hulle ondersteuning in die verband.
Sien verslag aangeheg (Mia Joubert, Hoofdogter 2018).

LAPELWAPENS

Lapelwapens is gratis as beloning vir hulle ambassadeurskap aan alle SA Boerperd ruiters uitgedeel tydens die SA Boerperd Internasionale Kampioenskappe.

KENTUCKY HORSE PARK

Perde van reg oor die wêreld word daagliks vertoon by die *Kentucky Horse Park*, Kentucky, Amerika. Die organisasie is wel bereid om ook 'n SA Boerperd daar te ontvang en te vertoon. Die perd moet op eie onkoste daarheen verskeep word, kwarantyn-periodes ingesluit. Onderhandelinge gaan voort in die verband.